2020/07/07

# HANDELINGE 27

Bybelstudie

# HANDELINGE 27 OPSOMMING

Bybelstudie

- Paulus vertrek per skip na Rome (Hy waarsku daarteen)
- Die storm op die see: Paulus gee weer raad – nou luister hulle
- Skip breukelinge

920

Handelinge Bybelstudie

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

## PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | Briewe |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

ConformingToJesus.com

Handelinge Bybelstudie

Handelinge As Boek

# BOOK OF ACTS

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Author | Luke, the Doctor | | | | | | | | | |
| Time | 2 yrs - 33-35 AD ca. | | 14 yrs - 35-48 AD ca. | | 17 or 19 yrs - 48-65 or 67 AD ca. | | | | | |
| | FOUNDATION OF THE CHURCH | | | | FOUNDER OF CHURCHES | | | | | |
| Sections | Spirit of the Church | Growth of the Church | Persecution of the Church | Expansion of the Church | First Journey of Paul | Second Journey of Paul | Third Journey of Paul | Arrest of Paul | Trials of Paul | Imprisonment of Paul |
| Chapters | 1 4 | 5 7 | 8 9 | 10 12 | 13 15 | 16 18 | 19 20 | 21 23 | 24 26 | 27 28 |
| Topics | Peter | | Peter & Philip | | Paul | | | | | |
| | To the Jews | | To the Gentiles in/around Israel | | To the Gentiles outside Israel | | | | | |
| Place | Jerusalem | | Judea & Samaria | | Uttermost Parts of the Roman Empire | | | | | |

Jaar

Gebeurtenis

Hoofstuk

ConformingToJesus.com

Handelinge
Bybelstudie

Kaart van van
Paulus se reis
na Rome



# Handelinge 27
# Paulus gaan na Rome

**Gemik vir Adramittium**




- 1. Die amptenare het besluit dit is tyd dat Paulus en ons met 'n skip na die land Italië moet seil. Die soldate het toe vir Paulus en party ander gevangenes vir Julius gegee. Julius was die offisier van 'n groep soldate van die keiser.
- 2. Ons het op 'n skip geklim **wat na die stad Adramittium sou seil**, want ons wou gaan na plekke in die **provinsie Asië**. Die skip het begin seil. Aristargus was ook saam met ons. Hy was 'n man van die stad Tessalonika in die provinsie Masedonië.
- 3. Die volgende dag het die skip by die **stad Sidon** aangekom. Julius was vriendelik met Paulus. Julius het gesê Paulus mag na sy vriende in Sidon gaan sodat hulle vir hom kan sorg.
- 4. Die volgende dag het ons weggeseil van Sidon. Ons het toe by **die eiland Siprus** verbygeseil. Die wind het sterk teen ons gewaai en daarom het ons langs Siprus verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Paulus gaan na Rome




- 5. Ons het met die skip oor die see langs die lande **Silisië en Pamfilië** geseil. Ons het geseil tot by die stad Mira in die land Lisië.
- 6. In **Mira** het die offisier 'n skip gekry wat van die stad **Aleksandrië** gekom het. Die skip sou na **Italië** seil. Die offisier het toe vir ons gesê ons moet op daardie skip klim.
- 7. Ons het lank geseil, en nadat ons skip baie gesukkel het, het ons naby die stad **Knidus** gekom. Maar die wind het sterk teen ons gewaai, en daarom het ons langs **die eiland Kreta** verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie. Ons was oorkant die **stad Salmone**.
- 8. Ons het verby Salmone geseil, maar ons het baie gesukkel. Toe het ons by 'n plek gekom, die plek se naam was **Mooi Hawens**. Dit was naby die stad **Lasea**.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Paulus gaan na Rome




- 9. Ons het lank geseil. Dit was ook laat in die jaar, die winter was naby, en dit was toe gevaarlik om met 'n skip te seil. Daarom het Paulus vir die offisier en sy manne gesê:
- 10. "**Vriende, ons moenie nou verder seil nie. Dit is baie gevaarlik en ons sal baie dinge verloor.** Ons sal die goed op die skip verloor, en ook die skip én ons lewens."
- 11. Maar die **offisier het geluister na** wat die **kaptein** van die skip en die eienaar van die skip vir hom gesê het, hy wou nie na Paulus luister nie.
- 12. 'n Mens kon nie die hele winter by **Mooi Hawens** bly nie. Daarom het die meeste mense op die skip gesê ons moet verder seil en ons moet probeer om tot by **Feniks** te kom. Feniks **was 'n hawe van die eiland Kreta**. Dit was 'n veilige plek om te bly terwyl dit winter is, want die suidweste-kant en die noordweste-kant van die hawe was oop.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Die storm op die see




- 13. **Die suidewind het saggies gewaai**. Toe dink hulle dat hulle plan kan slaag, die plan om tot by die hawestad Feniks te seil. Daarom het hulle **die skip se anker opgetrek** en hulle het begin seil. Hulle het **naby die eiland Kreta verbygeseil.**
- 14. Maar hulle het nie lank geseil nie, toe begin 'n baie sterk wind waai, die wind het van Kreta gekom. Dit was 'n noordooste-wind, **die wind se naam was Eurakilon**.
- 15. Die wind het die skip saamgesleep. **Ons kon nie die skip draai sodat dit teen die wind seil nie**. Daarom het ons die skip gelos sodat dit gedryf het, saam met die wind.
- 16. Ons het die skip verby 'n klein eiland gestuur, die eiland se naam was **Kauda**. Die wind was daar nie baie sterk nie. Toe het ons **baie gesukkel** om te keer sodat die klein bootjie nie wegdryf van die skip nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
## Die storm op die see

Onthou Jona en die storm (goed oorboord gegooi)




- 17. Die matrose het die klein bootjie opgetrek en hulle het dit bo-op die skip vasgemaak. Toe het hulle toue om die skip gebind en so het hulle probeer om die skip sterker te maak. Hulle was bang dat die wind die skip sal stoot tot by **die sandbanke van Sirtis**, dan sou die skip stukkend breek. Daarom het hulle 'n seil aan 'n tou vasgemaak en hulle het die seil in die see gegooi om die skip stadiger te laat dryf. So het ons verder gedryf.
- 18. Dit was 'n kwaai storm. **Daarom het die matrose die volgende dag begin om die goed wat op die skip was, in die see te gooi.**
- 19. Op die derde dag het hulle self ook baie van die **skip se seile en toue en pale in die see gegooi.**
- 20. Ons het baie dae lank nie die son gesien nie, ook nie die sterre nie, en die storm was baie kwaai. Daarom het **ons opgehou om te hoop**, ons het **gedink** dat **ons sal sterf.**

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Die storm op die see




- 21. Hulle het 'n lang tyd niks geëet nie. **Paulus het toe opgestaan** en hy het tussen hulle gaan staan en gesê: **"Vriende, ek het gesê ons moenie wegseil van Kreta nie. Hoekom het julle nie na my geluister nie? Dan het julle nie nou hierdie groot probleme gehad nie, en dan het julle ook nie julle goed verloor nie.**
- 22. **Maar nou** wil ek vir julle sê wat julle moet **doen**. Julle moet sterk wees. **Nie een van julle sal sterf nie, maar die skip sal stukkend breek en sink.**
- 23. Want gisternag het daar **'n engel** by my kom staan. Dit was 'n engel **van God**, ek behoort aan daardie God, Hy is die God wat ek dien.
- 24. Die engel het vir my gesê: **'Paulus, jy moenie bang wees nie. Jy moet voor die regterstoel van die keiser in Rome gaan staan. God sal ook goed wees vir almal wat saam met jou op die boot is. Hy sal hulle red omdat Hy jou wil red.'**

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
## Die storm op die see




- 25. **Vriende, daarom moet julle nie moedeloos wees nie!** **Ek glo** dat God dit sal doen, **ek glo** dit sal gebeur soos die engel vir my gesê het.
- 26. Maar die skip sal stukkend breek by een van die eilande."
- 27. Dit was **14 dae** nadat die storm begin het. **Dit was nag**, en die skip het **rondgedryf** in die Adriatiese See. Dit was in die middel van die nag. Die matrose het gedink die skip kom naby die land.
- 28. Hulle het gemeet hoe diep dit is. Dit was 20 vaam. Die skip het verder gedryf. Hulle het weer gemeet hoe diep dit is en dit was toe 15 vaam.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Die storm op die see




- 29. Hulle was bang dat die skip stukkend sal breek op die rotse. Daarom het hulle vier ankers vasgemaak aan toue en hulle het die ankers afgegooi by die agterkant van die skip. Hulle het gebid dat dit dag moet word.
- 30. **Party van die matrose wou wegkom van die skip. Hulle het gemaak of hulle ook ankers by die voorkant van die skip wil afgooi.** Maar hulle het die klein bootjie geneem en hulle wou dit in die see laat sak en probeer om met die bootjie weg te kom van die skip.
- 31. Toe sê Paulus vir die offisier en vir die soldate: **"Daardie matrose moet op die skip bly. As hulle nie op die skip bly nie, dan sal God nie vir julle red nie."**
- 32. Toe het die soldate die toue van die klein bootjie afgekap en hulle het die **bootjie in die see laat val.**

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
## Die storm op die see




- 33. Net voor dit dag geword het, het Paulus almal bemoedig en **hy het gesê hulle moet iets eet.** Hy het gesê: "Julle is bang vir wat sal gebeur, en julle het **14 dae lank nie geëet nie**.
- 34. Daarom vra ek nou mooi vir julle dat julle moet eet, want **dit sal help dat julle aanhou lewe**. Want julle moet weet dat daar nie een haar van iemand se kop sal afval nie, **God sal julle beskerm**."
- 35. Nadat Paulus dit gesê het, het hy **brood geneem en gebid** en hy het vir God dankie gesê. **Almal het gesien** hoe hy dit doen. Toe het hy die brood gebreek en hy het **begin om dit te eet.**
- 36. **Paulus het hulle almal bemoedig** en hulle het ook begin eet.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
# Die storm op die see




- 37. Ons was **276 mense** op die skip.
- 38. **Nadat almal genoeg geëet het, het hulle die koring wat op die skip was, in die see gegooi.** Hulle het dit gedoen om die skip ligter te maak.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# Handelinge 27
## Die skip breek heeltemal stukkend




- 39. Dit het dag geword. **Hulle het land gesien, maar hulle het nie geweet watter plek dit is nie.** Hulle het 'n strand gesien, daar was nie rotse nie. Toe het hulle gedink hulle sal **probeer om die skip op die strand te laat stop**.
- 40. Hulle het die **ankers se toue afgesny** en hulle het die **ankers in die see gelos.** Hulle het ook die **toue om die roeispane losgemaak**. En hulle het die seil wat voor op die skip was, oopgemaak sodat die wind die skip vorentoe kon waai. Hulle het probeer om die skip na die strand te stuur.
- 41. Maar die **skip het teen 'n sandbank** vasgeseil en die voorste deel van die skip het vasgesit. Dit kon nie beweeg nie. Toe het die **sterk branders die agterste deel van die skip stukkend geslaan**.
- 42. En die **soldate het besluit om die gevangenes dood te maak** sodat hulle nie na die land kon swem en dan kon weghardloop nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

## Handelinge 27
## Die skip breek heeltemal stukkend




- 43. **Maar die offisier wou vir Paulus red en hy het die soldate gekeer.** Die soldate kon nie doen wat hulle wou doen nie. Toe het die offisier gesê dat **almal wat kan swem, eerste in die see moet spring** en hulle moet na die land swem.
- 44. Daarna moes almal wat nie kon swem nie, probeer om by die land te kom. Party mense het op **planke** na die land gegaan en party mense het op **stukke van die skip** gegaan. **So het almal veilig by die land uitgekom.**

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27

# HANDELINGE 27 OPSOMMING

AGS HELDERBERG AFM

Bybelstudie

- **Paulus vertrek per skip na Rome (Hy waarsku daarteen)**
- **Die storm op die see: Paulus gee weer raad – nou luister hulle**
- **Skip breukelinge**

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/27
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word ‘n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.